

**21 September**

**Eksodus 13:17-22**

**(Teks: 13:18a) Gods weg met sy kinders**

Gods weg met u kan vandag vir u ook 'n ompad wees. Die weë van God is dikwels nie ons weë" en sy gedagtes nie ons gedagtes nie.

Die mens wil maar altyd die maklikste en kortste pad kies wat dikwels vir hom of haar die gevaarlikste pad is.

As Israel hier 'n pad moet kies uit Egipte na Kanaän, sou hulle sekerlik ook die gewone en bekende pad deur die land van die Filistyne gekies het.

God beveel Moses egter om met hulle deur die woestyn na Kanaän te trek. Skynbaar 'n onmoontlike en moeilike ompad vir 'n hele volk.

God wil egter reeds daar op die moeilike woestynpad Homself aan hulle bekend maak.

Hulle kon met die korter pad sekerlik baie gouer en makliker in Kanaän gekom het.

Nou laat God hulle 'n ompad gaan, en as gevolg van hulle ongeloof en sonde neem dit hulle op die ou end veertig jaar om in Kanaän te kom.

Tog was God altyd by hulle in 'n wolk- en vuurkolom om hulle te verlos, te versorg en te beskerm. Deur sy wonderdade (water uit 'n rots, manna en kwartels uit die hemel) en oorwinnings oor vyande het God Hom aan hulle bekend gemaak.

Hulle kon daar in die woestyn eintlik God so leer ken dat hulle, afhanklik van Hom, 'n sterk volk kon word. As sy volk en sy kerk kon hulle sy grootheid en goedheid in die wêreld bekend gemaak het tot roem en eer van die enigste God.

So lei God ons ook vandag dikwels op paaie wat vir ons onbegryplik is - selfs ompaaie. Ons weë gaan ook deur woestyne van beproewings, swaarkry, siektes, terugslae, vyandskap, geweld en selfs die dood heen. Tog, deur alles heen verseker die Here ons dat Hy altyd by ons is deur sy Woord en Gees. So bring God ons deur sy verlossing en bewaring tog in die ewige Kanaän.

Jesus Christus het self vir ons die eintlike Pad, "die Weg, die Waarheid en die Lewe", geword. Deur sy ompad van geboorte, lyde, sterwe, dood, opstanding en hemelvaart, kan ons, in Hom deur die geloof, kom in die ewige hemelse Kanaän en Paradys.

Sing Psalm 18:14 en 15      Ds. P J.W. Linde (Ventersdorp)